

**Sing vooraf staande: Psalm 119:49, 52 (p. 596)**

- 49 Laat die sonde oor my nie heers nie. / Hou my voetstap in u spoor.  
Red my van die onderdrukkers; / gaan my met u heilig voor!  
Trane kom my in die oë / en dit vloei in strome neer,  
omdat hul, die wetsveragters, / van u weg hul voetstap weer.
- 52 As ek wandel in benoudheid, / en in diepe angs geraak,  
is u woord die een en alles / waar my hart hom in vermaak.  
Ewige geregtighede / vloei uit u getuienis.  
Leer my daaruit so te lewe / soos die ware lewe is.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Psalm 144:1, 2 (p. 691)**

- 1 Geloofd sy God wat my in wank'le tyd / 'n rotssteen is, my aangord tot die stryd;  
wat tot die kryg my hande toeberei, / so goed is en 'n vestingwerk vir my;  
wat my die skans tot redding wil verstrek, / by wie ek skuil, daar my sy skild oordek;  
wat in die stryd my altyd trou bewaak / en nou my volk aan my gehoorsaam maak.
- 2 Wat is die mens, o HEER; wat sy geslag? / En wat is hy dat U op hom sou ag?  
Soos skaduwees verswind sy lewenstyd: / en sy bestaan is enkel ydelheid.  
Buig, HEER, die hoë hemel en daal af! / Strek uit u hand, tref berge met u straf,  
dat rook kan opstyg uit hul ingewand, / en slinger neer van bo u hemelbrand!

**Gebed**

**Psalm 69:1, 2, 7 (p. 342)**

- 1 Help my, o God, want ek vergaan! / Ek het in modder ingegly / waar daar geen staanplek is vir my;  
en oor my storm die waters aan. / Ek roep my hees, my oog versmag, / waar ek vergeefs op U bly wag.
- 2 Meer as die som wat ek kan tel, / en meer as my geringe krag, / vermeerder hul in tal en mag  
wat my, onskuldig, neer wil vel. / Hul laat my sonder oorsaak boet. / Dit jaag en storm deur my gemoed!
- 7 Wil, HEER, die waters om my stuit, / laat nie die dieptes my verslind; / die put waarin ek my bevind,  
laat hom sy mond nie bo my sluit. / Verhoor my, want u guns is goed, / u medelye 'n oewervloed.

**Skriflesing: Efesiërs 6:10-20; Heidelbergse Kategismus, Sondag 52:127**

**Kernvers: Efesiërs 6:10-11**

**Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.**  
(Efesiërs 6:10-11 AFR53)

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 127: Wat is die sesde bede?**

*Antwoord: En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Ons is in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie (a). Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel (b), die wêreld (c) en ons eie sondige natuur (d), nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van die Heilige Gees staande hou en*

*versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelike stryd (e) nie beswyk nie, totdat ons eindelijk die oorwinning volkome behaal (f).*

(a) Joh 15:5; Ps 103:14. (b) 1 Pet 5:8; Efes 6:12. (c) Joh 15:19. (d) Rom 7:23; Gal 5:17. (e) Matt 26:41; Mark 13:33. (f) 1 Tess 3:13; 5:23.

### **Tema:** Om staande te bly in die geestelike oorlog

Geliefde gemeente, in die sesde bede van die *Onse Vader* kom ons eindelijk by dit uit wat verseker 'n kritieke deel is van die Christelike lewe op aarde. Dit is die geestelike stryd of oorlog waarvoor God elkeen aangeteken het wat Hy deur die bloed van Jesus Christus verlos het en deur die werk van die Heilige Gees 'n volgeling van Christus laat word het.

Dit is hartseer om te hoor dat daar nog steeds Christene is wat niks van hierdie geestelike stryd weet nie. Hulle is deur predikers na Christus toe gelok met die advertensie dat jy net in Jesus moet glo, dan is geluk en vrede en voorspoed jou voorland lewenslank. En hierdie predikers haal die woorde van ons Here Jesus self aan in hierdie advertensies van hulle. Jesus het gesê:

**Ek het gekom, dat hulle lewe en oorfloed kan hê.** (Johannes 10:10b AFR53)

Dit is waar dat Jesus die lewe en oorfloed belowe aan hulle wat Hom volg. Dit is waar dat Jesus vrede belowe aan die wat na Hom luister, maar Hy het ook gesê dat sy dissipels dit moeilik in hierdie wêreld sal hê (Joh 16:33). Hy verseker sy volgelinge van sy uitnemende liefde vir hulle en in dieselfde asem sê Hy dat die wêreld sy volgelinge sal haat (Joh 15:9-27). Hier in Efesiërs 5 het Paulus so pas die vreugde verkondig van 'n lewe in gehoorsaamheid aan die Here en nou kom begin hy hier om vir die gelowiges te sê: Weet julle, eintlik is ons hier op aarde in 'n oorlog betrokke – 'n oorlog teen niemand minder nie as die duiwel self.

Wie nie weet hoe groot die gevaar is of dat daar 'n gevaar is om Christus te volg nie, sal houtgerus lewe. Kyk maar net hoe paraat 'n mens word wanneer jy hoor dat daar by jou buurman ingebreek is. Omdat jy weet dat die skelms in die rondte is, is jy baie meer waaksaam. Wanneer Jesus ons leer bid: **Ons Vader wat in die hemel is, lei ons nie versoeking nie, maar verlos ons van die Bose**, wil Hy ons nie so verskrik maak dat ons daar en dan die uniform – die wapenrusting van sy Vader – teruggee nie. Hy maak die feite van die geestelike stryd aan ons bekend sodat ons die volle wapenrusting van God sal aantrek. Hy wil hê dat ons in sy Naam staande sal bly in hierdie geestelike stryd. Jesus self laat ons baie mooi verstaan: Om Hom te volg sê nie dat ons miskien 'n skermutseling met die duiwel te wagte kan wees nie. Wanneer ons Jesus volg en Hom gehoorsaam, sal ons in 'n oorlog betrokke wees. Paulus het dit self goed verstaan. Terwyl hy in Éfese was, het hy die eerste brief aan die Korintiërs geskryf. Hoor net wat sê hy aan die einde van daardie brief:

**Maar ek sal in Éfese bly tot pinkster toe. Want 'n groot en kragtige deur het vir my oopgegaan, en daar is baie teëstanders.** (1 Korintiërs 16:8-9 AFR53)

Die deur waardeur die Here ons lei en die pad waarop ons Hom volg gaan van die een slagveld na die ander lei. Wees dus gereed daarvoor. Ons goeie Herder lei ons na waters waar daar rus is, maar die pad daarheen gaan deur donker doodsvalleie.

Broers, susters en kinders, wanneer ons hierdie sesde bede bid, vra ons die Here: **Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen ons doodsvyande sterk teenstand kan bied en in die geestelike stryd nie beswyk nie, totdat ons eindelijk die oorwinning volkome behaal.** Gebed is inderdaad die be-

langrikste wat ons moet doen in hierdie geestelike stryd, want die stryd is in die eerste plek nie teen ons nie, maar teen God en sy koninkryk. Maar ons bid nie net en doen niks verder nie. Ons is in die geestelike stryd en ons moet staande bly. Kom ons luister hoe die Heilige Gees ons hier in Efesiërs 6 leer.

**Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.**  
(Efesiërs 6:11 AFR53)

Hier is twee dinge wat ons by hierdie eerste werkwoord moet opmerk. Die eerste wat ons hoor is dat ons kragtig moet word in die Here. Hier is iets van 'n passiewe gedagte wat oorgedra word. Iemand anders moet ons kragtig maak. Al is ons deur Christus verlos, het ons nie uit onself uit die krag vir hierdie geestelike stryd nie. Daarom vra ons dat die Heilige Gees ons sal versterk en staande hou.

Tog is die werkwoord in die oorspronklike taal in die aktiewe vorm. Dit is 'n opdrag waaraan ons uitvoering moet gee. Ons moet iets doen om kragtig te word in die Here en in die krag van sy sterkte. Nou vra jy: Wat moet ek doen?

Let op, om kragtig te word in die Here, moet ons in die Here wees. Die krag wat ons nodig het vir die geestelike stryd gaan ons nêrens anders kry nie as juis in die Here. Maar wat beteken dit om in die Here te wees? Lees 'n mens die eerste twee hoofstukke van Efesiërs deur, hoor 'n mens oor en oor dat daar geskryf staan *in Christus* of *in Hom*. In hierdie volgende woorde hoor ons wat *in die Here* behels:

**Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.**  
(Efesiërs 2:8-9 AFR53)

Om in die Here te wees beteken dat Hy jou gered het van God se oordeel deur sy genade alleen deur die geloof in Christus alleen. Verlossing is nie iets wat ons deur ons werke of selfs met ons geloof verdien nie. Geloof is 'n geskenk wat die Heilige Gees in die mens opwek. En deur die geloof lyf die Heilige Gees die Christen in Christus in. Hierdie opdrag in Efesiërs 6 is dus uitsluitlik 'n opdrag aan Christene. 'n Mens kan elkeenlik sterk wees in die Here wanneer jy in die Here is deur die geloof in die Here Jesus Christus. Ek moenie net glo dat daar 'n Jesus Christus lank gelede geleef het en aan 'n kruis gesterf het nie. Ek moet werklik in Christus glo as my persoonlike Verlosser en Saligmaker anders is ek nie in die Here nie. En as ek nie in Hom is nie, kan ek nie in Hom kragtig word nie.

Maar om kragtig te word in die Here moet ek ook weet hoe swak ek is. Ons bely met die sesde bede: **Ons is in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie.** Om te weet hoe swak ons is, is inderwaarheid 'n lewenslange proses wat begin by die oomblik van ons verlossing deur Christus. Om werklik deur Christus verlos te wees, is dit nodig dat ek sal besef ek kan absoluut niks doen om myself te verlos nie. Ek is hopeloos hulpeloos en niks wat ek doen kan my skuld by God vereffen nie.

Dit is egter nie net oor my verlossing wat ek my eie hulpeloosheid en swakheid moet besef nie. Hoe meer ek groei in my verhouding met die Here Jesus Christus hoe meer behoort ek my swakheid agter te kom. Dit is hierdie swak hulpelose Christen wat aanhoudend sy toevlug tot die krag van Christus se sterkte neem. En ons sien hierdie proses van ontdek dat jy swak is in Petrus se lewe raak. Petrus was die een wat met groot oortuiging aan Jesus gesê het: Al die ander dissipels sal U in die steek laat, maar nie ek nie. Die Here het toegelaat dat Satan juis op daardie polsslag van Petrus sy skok gee. Deur drie verskriklike verloënings heen moes Petrus leer om nie op sy eie kragte staat te maak nie, maar sy toevlug tot die sterkte van die Here se krag te neem.

Dit is ons eie verwaandheid en trots wat ons blind maak en laat dink dat ons tog krag in onself het. Trots maak dat 'n mens dink hoe langer ek die Here volg, hoe sterker word ek in myself. Nee, dit is nie 'n sterk Christen nie. Dit is daardie domastrante een wat kyk hoe ver hy oor die afgrond kan tree sonder om te val en dan val hy. Die werklike sterk Christen is die een wat sy eie swakheid en sy geneigdheid tot sonde al beter leer ken, en daarom soveel te meer sy toevlug tot Christus se krag neem. Hoe langer 'n mens 'n Christen is, hoe meer kom jy agter hoe sterk die Here werklik is.

Geliefdes, die doodsvyande met wie ons te doen het in hierdie lewe is sterk en baie. Die duiwel is natuurlik sterk – hy was immers 'n engel wat deur God geskep is – maar hy is net 'n skepsel. Ons God is die ewige, almagtige Skepper van die ganse skepping. Die Here kan, deur net een woord te spreek, die duiwel en sy werke in 'n oogwink tot niet maak. Jesus Christus het hom immers reeds aan die kruis en deur die opstanding heen oorwin. Op die vasgestelde tyd sal God die Satan in die poel van vuur werp. Ons Here is inderdaad almagtig sterk.

Dwarsdeur die Bybel maak die Here aan ons sy krag en almag bekend. Hy het net gespeek en waar daar eers niks was nie het 'n hemel en 'n aarde te voorskyn gekom. Deur plaë en die oopkloof van die Rooi See het die Here sy volk uit die kloue van die Farao gered. In 'n onherbergsame wildernis het die Here sy volk bedags en snags met 'n vuur- en wolkkolom gelei. Hy het aan hulle brood en water gegee soveel as wat hulle nodig gehad het. In die latere geskiedenis, wanneer die volk in benoudheid is en self geen uitkom sien nie, herinner die Here hulle aan sy ewige almag.

Daar is niks wat vir God onmoontlik is nie. Uit twee verstorwe liggeme – dié van Abraham en Sara – het die Here sy ganse volk Israel laat groei. Ook in hierdie brief aan die Efesiërs lees ons van hierdie uitnemende grootheid van sy krag wat Hy nie net in ander nie maar ook in ons werk wat glo. Dit is dieselfde krag wat Hy gewerk het toe Hy Christus uit die dood opgewek het en Hom tot aan sy regterhand in die hemel verhef het. Die Here het ons wat glo nie met geweld tot oorgawe aan Hom gedwing nie. Teer en tog ferm het die Heilige Gees die wedergeboorte bewerk, en nie een van ons wat glo kon dit weerstaan nie. Nie eers die Satan wat so sterk is, kon dit keer nie.

Om dus kragtig te word in die Here en in die sterkte van sy krag, moet ons in Hom wees deur die geloof in Jesus Christus. Ons moet ons eie swakheid en die ewige krag van ons God al beter leer ken. Maar daar is nog 'n opdrag wat ons moet uitvoer om staande te bly in die geestelike stryd.

**Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.** (Efesiërs 6:11 AFR53)

Die werkwoord *om staande te bly* is nogal 'n sleutelwoord in hierdie Skrifgedeelte. In vers 11, 13 en 14 word dit genoem. *Weerstand of teenstand* in vers 13 hou ook hiermee verband. Net so is hierdie werkwoord 'n sleutelwoord in ons antwoord wat ons bely. Dit is 'n woord afkomstig uit die militêre wêreld. Dit beteken om op jou pos te bly in hierdie stryd, want Christus is jou aanvoerder en Beskermer in hierdie stryd.

Ons vertrou dan op die sterkte van die Here se krag deur sy volle wapenrusting aan te trek. Ons het 'n verantwoordelikheid in hierdie geestelike stryd. Ons kan nie maar net sê dit is 'n stryd teen God en sy koninkryk en daarom sit ons arms gevou nie. Dit is ook nie dat ons met alle mag inklim in die stryd en God help ons net so nou en dan nie. Dit is eerder ons wat ons laat lei deur die krag van die Here. Paulus stel dit so:

**Daarvoor span ek my ook in en beywer ek my met die krag wat Hy gee en wat kragtig in my werk. (Kolossense 1:29 AFR83)**

Laat ons daarom die volle wapenrusting van God aantrek. Tyd gaan ons nie toelaat om by elkeen van die dele van die wapenrusting stil te staan nie. Maar ons wil tog weet waar kom Paulus aan hierdie wapenrusting en wie of wat is hierdie wapenrusting. Dit is onder andere uit Jesaja waar Paulus met hierdie wapenrusting van God kennis gemaak het.

**En geregtigheid sal die gordel van sy lendene en trou die gordel van sy heupe wees. (Jesaja 11:5 AFR53)**

**Hoe lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor, wat goeie tyding bring, wat verlossing uitroep. (Jesaja 52:7 AFR53)**

**En Hy het geregtigheid aangetrek soos 'n pantser, en die helm van heil was op sy hoof. (Jesaja 59:17 AFR53)**

Hierdie wapenrusting is 'n grafiese beskrywing van wat Paulus aan die Romeine so geskryf:

**Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie. (Romeine 13:14 AFR53)**

Met ander woorde, Jesus Christus is ons wapenrusting. Hy is die gordel van waarheid (Joh 14:6), Hy is ons borsharnas van geregtigheid (1 Kor 1:30), Hy is die evangelie van vrede waarop ons staan (Ef 2:13-22), Hy is ons skild van geloof (Heb 12:2), Hy is ons helm van verlossing (Tit 3:6) en Hy is ons swaard, Hy is die Woord van God (Joh 1:1). Jesus Christus is ons volle wapenrusting. Hy is in staat om ons te beskerm teen elke aanval van ons doodsnyande.

Hoe trek ons hierdie wapenrusting dan nou aan? 'n Mens beklee jou met Jesus Christus wanneer jy in elke versoeking Christus se krag deur die geloof vir jouself toe-eien. Gelowig roep jy tot Hom om uitkoms en krag en volharding. Deur die geloof vestig jy jou vertrou op sy beloftes, en soos Jesus slaan jy elke pyl wat op jou afgeskiet word met die swaard van die Gees weg.

Dit beteken dat ons die Woord van die Here biddend moet bestudeer sodat ons vaardig daarmee kan wees. Onthou, die duiwel ken die Woord van die Here ook uit sy kop uit. Dit is immers met die Woord van die Here waarmee hy probeer het om Jesus tot sonde te verlei. Jesus het egter elke keer met die waarheid van die Here se Woord daardie pyl weggekeer (Luk 4:1-13).

Geliefdes, in sy geslepenheid het die Satan dit al reggekry dat gelowiges met die gedagte speel dat daar nie regtig so iets soos die Satan is nie. Die mensdom kon die Satan nie 'n groter guns as dit bewys het nie. Want as jy nie die skrikwekkende van die gevaar ken nie en dit ook nog wegredeneer as bangmaakstories, is jy weerloos. Wie nie bewus van gevaar is nie, trek nie 'n wapenrusting aan nie en dink dat hy mans genoeg is om die een of twee struikelings te hanteer.

Die Satan pootjie nie net die gelowige nie. Hy kom soms met slinkse woorde om te verlei en ander kere kom hy met brute krag op jou af. En hy hou net nooit op nie, want hy weet sy tyd is min. Laat ons daarom nie dom wees nie. Laat ons kragtig word in die Here deur die volle wapenrusting wat ons in Christus kry aan te trek.

**Amen!**

## Slotgebed

### Skrifberyming 14-3:1, 3

- 1 Versterk jul in die Heer se krag, / die krag wat nooit, ja nooit, sal taan.  
Kom trek, gesterk deur God se mag, / sy volle wapenrusting aan.  
Jul sal so staande bly, / ná elke veldslag vry.  
Jul sal teen Satan stry, / sy sluwe lis bestry, / in God se krag hom trou weerstaan.
  
- 3 Staan altyd onbeweeglik vas, / omgord met waarheid, onbevrees;  
geregtigheid as borsharnas / – laat Woorddiens julle skoene wees!  
As skild neem die geloof / om brandpyl uit te doof,  
verlossing om te weer, / om vir die kop te keer. / En neem die Woordswaard van die Gees.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
5 April 2015